

Sondag 1 Januarie

Skrifgedeelte: Esegïel 36:24-38; Joël 2:28-32

Fokusgedeelte: Esegïel 36:26-27; Joël 2:28-29

Die werk van die Heilige Gees in die Ou Testament

Soms dink ons dat die Heilige Gees minder werksaam in die Ou Testament was, maar dit raak gou duidelik dat die Heilige Gees in die lewe van die volk Israel gedurig werksaam was. Volgens Nehemia (9:20) was dit die Heilige Gees wat die volk in die woestyn onderrig het, en volgens Jesaja (63:11, 14) is die volk deur Gees tot binne Kanaän gelei. Die aanwesigheid van die Heilige Gees by enkelinge is duidelik; so vind ons dit by Simson (Rigt. 14:6), Saul (1 Sam. 10:6), Dawid (Ps. 51:13), Jesaja (Jes. 61:1), Esegïel (Eseg. 11:5) en Job (Job 33:4).

Tog was daar 'n onvolledige en onderbroke vorm van aanwesigheid van die Gees in die Ou Testament, en juis dit het die verlange na 'n voortdurende werking van die Gees geskep. Daarom het die Ou-Testamentiese gelowige na die nuwe toekoms uitgesien, waar die volk van God permanent aan die werkinge van die Gees deel sal hê. Van hierdie profetiese verwagting lees ons in Jeremia 31:31, Esegïel 39:29 en Joël 2:28-32.

Die Heilige Gees word verder geteken as die Gees wat oordeel en verteer (Jes. 4:4). Dit sal in die ballingskap gebeur, die volk sal gereinig word. In die lewe van Saul sien ons dat die Gees van die HERE weens sy sonde van hom gewyk het. Dawid pleit in Psalm 51:13 dat die HERE nie sy Gees van hom moet wegneem nie, al het hy die Gees bedroef deur sy optrede en sonde met Batseba.

In die Ou Testament was die Gees dus in die kerk en in die gelowiges werksaam, maar daar was 'n verlange dat die volheid sou aanbreek. Dit was 'n roep na Pinkster, die fees van die weke, ook die fees van die oes genoem (Eks. 23:16), of die pinksterfees.

Die naam "pinksterfees" hou verband met die bepaling in Levitikus 23:16 dat die fees gevier moet word die dag ná die sewende sabbat, op die 50ste dag nadat die eerste gerf as beweeg-offer gebring is. Die volle oes is ingebring.

In die Nuwe Testament word die verlange vervul as die Gees 50 dae ná Goeie Vrydag uitgestort word, tien dae ná die hemelvaart. Wonderlik om te leef in die tyd van die volheid waar die Heilige Gees in ons woon, as Trooster ons leer en lei.

Daarom is ons nie bang om die nuwe jaar in te gaan nie. God is met ons, God is in ons.

Sing: Skrifberyming 14:1, 2 (8-1:1, 2)

Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)